



NOORDELIKE SINODE NUUSBRIEF

verskil



❖ Facebook: <https://www.facebook.com/noordsin/>

❖ **Kampterreine:**

Badseloop: Bespreek by Emiele Nel 083 391 6361 / badseloopjeugkamp@gmail.com;

Magaliesberg: Bespreek by Anvie Ventures, 044 696 6585 / info@anvieventures.co.za.

❖ Ek wil asb inteken op Verskil / Kanselleer asb my intekening op Verskil

26 Januarie 2024: Nr 02/2024

Warmnuus

❖ **'n Laaste kans**

Skryf nou in!

Eerstejaarskamp 2024 - 29 Januarie – 2 Februarie.

Hoe om in te skryf? Gaan na die [webblad](#) of volg op instagram by [@unioord](#).



Sinodenuus

❖ **Fokus '24**

Hou mekaar vas

Die Sinodale Diensraad het besluit dat 2023 se tema, “**Hou mekaar vas**”, in 2024 voortgesit gaan word. Die logo wat verlede jaar ontwerp is, is 'n onvolmaakte sirkel, wat simbolies daarvan is dat ons beste pogings dikwels onsuksesvol is. Dit inspireer ons om telkens met nuwe ywer moeite te doen.

Vir 2024 word dieselfde logo gebruik. Daar is egter 'n bietjie kleur by. Dit herinner ons daaraan dat ons die tema met 'n vars aanslag moet aanpak.



Vir die verskillende variasies wat gemeentes kan gebruik, sien keuses hieronder:

*Blou agtergrond en grys hande [[kliek hier](#)]; *Donker blou agtergrond en ligter blou hande [[kliek hier](#)]; * Ligter blou agtergrond en donker hande [[kliek hier](#)]; * Ligter blou agtergrond en bruin hande [[kliek hier](#)]; Logo - Hou mekaar vas – Fokus '24 [[kliek hier](#)]

In die lig van die voorafgaande gaan daar vir Pinkster 2024 weer materiaal beskikbaar gestel word, sodat alle gemeentes, sover moontlik, oor dieselfde tema, nl. “**Hou mekaar vas**”, kan Pinkster hou.

Die materiaal sal deur 'n taakspan o.l.v. Bernice Serfontein voorberei word. Die moontlikheid van materiaal spesifiek vir die jeug, sal ook ondersoek word.

❖ **Pensioenfonds**

Bydraes en premies: Neem kennis van die inligting in *Afrikaans* en *Engels* soos ontvang van Theo Smith, die pensioenfondsbestuurder:

*Omsendskrywe 1 (2024) – [Kliek hier](#);

*SUF Investment Returns (December 2023) – [Kliek hier](#);

*Simeka Economic Commentary (January 2024) – [Kliek hier](#).

*Circular 1 (2024) – [Click here](#);

*SUF Investment Returns (December 2023) – [Click here](#);

*Simeka Economic Commentary (January 2024) – [Click here](#).



❖ Ekologie

Diep geroer...

Peet Crous, voorsitter van die Taakspan Ekologie skryf: “Die kere wat dit al met my gebeur het, kan ek op my een hand tel. Dis nou wanneer mens skielik deur ‘n baie sterk emosie oorval word, wat omtrent alles oorheers. Laat ek voor begin...”. [Kliek hier](#) om verder te lees.



❖ In Pas

Die Taakspan *In Pas* bied op Saterdag 9 Maart ‘n opleidingsgeleentheid aan vir gemeentes wat graag die handleiding, *In Pas met die Lewende God*, wil implementeer. [Kliek hier](#) om die handleiding te lees. Die geleentheid vind by die gemeente Florauna in Pretoria plaas, van 09:00-15:00. Navrae/inskrivings: Jan Botha, 076 481 5683 en janbotha1102@gmail.com.

❖ Transoranje

5 SKOLE
900 BEHOEFTEIGE KINDERS
TERUG-SKOOL-TOE-ONDERSTEUNING VIR BEHOEFTEIGE LEERDERS
ONS MOET HELP KONTAKSKENKINGS WELKOM
• 102 benodig skooltasse
• 147 benodig skoolskoene
• 135 benodig skoolklere
• 167 benodig basiese skryfbehoeftes
167 HET DRINGEND HULP NODIG
INFO@TOIBO.ORG.ZA
076 143 5961
WWW.TOIBO.ORG.ZA
TRANSORANJE INSTITUUT VIR BUITENGEWONE ONDERWYS

Die NG Kerk was saam met die Gereformeerde Kerk en die Hervormde Kerk ‘n stigterslid van die Transoranje Instituut vir Buitengewone Onderwys (TOIBO) in 1947. Dit sluit onder andere die volgende in: Prinshof Skool vir gesiggestremdes, Sonitus Skool vir gehoorgestremdes, Tranvalia Skool vir epilepsie. Vanweë beperkte fondse kan die Noordelike Sinode nie meer hiervoor bydra nie.

Gemeentes word egter aangemoedig om ondersteuning van hierdie saak ernstig te oorweeg.

Kollegaanuus

❖ In die hospitaal

Freddie Prozesky [Pietersburg-Noord] het onlangs ‘n nekoperasie ondergaan. Hy sterk tans by die huis aan.



❖ Bewegings



Meiring de Wet [Doornpoort] het op 31 Desember demissie ontvang. Sy afskeidsdiens het op 10 Desember plaasgevind.


❖ Verjaarsdagwense

27/01 Bertus Olivier [Emeritus]
29/01 Paul du Plessis [Emeritus]
01/02 Ewald Schmidt [Nylstroom-Oos]; Frikkie Delpont [Emeritus];
03/02 Joggie Kotze [Dwaalboom];

30/01 Barbie Hunter [Eggenote van Marius, Northam];
Hannatjie J v. Vuuren [Eggenote van Christo, emeritus];

Gemeentenuus

Hartbeespoort [26/01/1973] >>>
Jan Niemandpark [28/01/1980]



Toerusting

❖ Excelsus - Sentrum vir Bedieningsontwikkeling

Navrae: Rika van Rensburg by excelsus@up.ac.za.

Program vir 2024: [Kliek hier](#) om meer uit te vind van kursusse wat deur die jaar aangebied word.

Daar is lewe vóór en ná aftrede

30-31 Januarie te Suidoos-Pretoria [Stellastraat]. Navrae: Rika by excelsus@up.ac.za
Aanbieders: Petrus Moolman, Johan Pienaar, Faure Louw, Martin Lazenby en Theo Smith
VBO: 20 punte; Inskrywing: <https://forms.gle/9VyMPrvwR8gFUpit9> .

❖ Ander Toerustingsgeleenthede

Kleingroep werkswinkel

15 Februarie [18:30-21:00] & 16 Februarie [08:00-13:00] te KSM Midstream-kampus.
Bespreking: manie@smallgroupnetwork.com / 082 770 7465. [[Lees hier meer](#)]

Geloofsreis

19-22 Februarie & 5-8 Augustus te ATKV Buffelspoort. Sluitingsdatum: 9 Februarie



Doel? Om jou te begelei om dieper met Jesus en met jouself om te gaan. Dis ’n proses van drie jaar waar jy twee retreats per jaar bywoon. Hierdie dieper transformasie is die sleutel om dissipelskap in jou gemeente nuwe diepte te gee.

Waar? ATKV Buffelspoort: 19-22 Februarie en 5-8 Augustus 2024

Koste? Februarie se koste is R3200pp, vir eppare R3000pp Die koste van retreats kan varieër met inflasie. Sluitingsdatum is 9 Februarie 2024

Skakel so gou as moontlik om plek te bespreek by Jaco Schoeman (082 411 4080) / Frans Burger (079 524 3864) / Etienne Pheiffer (0824521468)

Ander nuus

❖ Vakatures

Kerkbode: [Kliek hier](#) vir die vakatures in die elektroniese Kerkbode.

SKDBM: Twee vakatures is beskikbaar:

Bestuurder – administrasie:

Die 6/8e pos behels die dag-tot-dag bedryf van die SKDBM kantoor, bystand aan die Uitvoerende Hoof, skakeling met SKDBM-Diensorganisasies en ander entiteite asook alle statuêre aangeleenthede.

[Kliek hier](#) om te lees. Diensaanvaarding: 1 April

Navrae en CV's moet gerig word aan: skdbm@mweb.co.za. Sluitingsdatum: 15 Februarie.

Bestuurder – Finansiële en administratiewe dienste:

Die pos behels o.a. die bestuur van die SKDBM en Huis Piek se Finansiële Dienste, die bestuur van ondersteuningsdienste aan SKDBM-Diensorganisasies. [Kliek hier](#) om te lees.

Diensaanvaarding: 1 April Navrae en CV's: skdbm@mweb.co.za. Sluitingsdatum: 15 Februarie.

Waverley: Deeltydse permanente pos

Die gemeente is in die hart van die Moot, in Pretoria.

Sluitingsdatum: 31 Januarie [[Kliek hier](#) om verder te lees].

Andrew Murray: Voltydse permanente of Deeltydse permanente vir 'n onbepaalde tyd

Die gemeente is 'n Engelsprekende gemeente van die NG Kerk, geleë in Brooklyn, met 126 belydende lidmate en 36 dooplidmate van regoor die hele Pretoria en Centurion. [[Kliek hier](#) om verder te lees].

Diensaanvaarding: 1 Mei. Sluitingsdatum: 1 Maart

Navrae: Anthony Tosen, 083 475 1919 / office@drcamp.co.za

❖ [Aflosgeleenthede](#)

Predikante, emeriti en proponente wat beskikbaar is om eredienste te lei in gemeentes waar daar vakatures is of die leraar met vakansie is, is welkom om hulle besonderhede vir Hermien te stuur [hermien@noordsin.co.za]. Die volgende persone het reeds gereageer:

* **André Smuts:** sasmuts@tsa.co.za [Pretoria omgewing]

* **Ernst Muller:** gaius117@gmail.com / 082 656 1107

* **Michiel van der Merwe:** mvdm360@gmail.com / 082 462 3529

Naskrif

